ng overkruin

aanbid... gee om... bring hoop...

**PROGRAM VIR DIE DAG 27 NOVEMBER 2022**
**Eerste Advent**

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
Teks: Openbaring 1:9-20.
Tema: Advent: Sondag van hoop.

19:00 **Kerssangdiens**. Dr. P. Moolman.
Tema: Kersfees vertel van God met ons
Kersfees: Die fees van hoop, vrede, vreugde en liefde met samesang, koor, trompette, voordrag en verskeie soliste.

**VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE: ONGESTELDES**

**Johann Otto**. 082 302 3427. Sterk aan by familie.

**Owen Vorster**. Besig met onkologiese behandeling.

**Rina Brits**. In Soetdoring Sorgeenheid.

**Hurbert Fox**. In Montamed.

**Elize Evert**. 064 156 0809. In Steve Biko.

**SENIORBEDIENING**

Baie geluk aan die volgende senior lidmate met hulle verjaarsdae. 'n Geseënde jaar word hulle toegebid.

**Oom Hendri Viljoen**. 082 292 6398. Hy word vandag 87.

**Oom Salie Beukes**. 082 821 2601. Hy word Vrydag 84.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

"So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê."

Vertrou op jouself en gaan ten gronde. Vertrou op God en leef! Oor en oor bring Jesaja dieselfde boodskap aan ons. Julle vertroue is nie op die Here nie. Julle wil op ander lande vertrou. Julle wil op vinnige perde vertrou en vinnig wegjaag as die moeilikheid te veel raak. Maar weereens is die Here genadig. Die Heilige van Israel se boodskap is: Kom tot rus, bekeer julle! Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.

Het ons verleer om stil te word voor die Here? Kan ons nog op die Here wag?

Gebed: Here, dankie dat ons op U kan wag en stil word voor U. Leer ons om te onderskei tussen die dinge wat ons vandag moet verander en kan verander en die dinge wat ons net in U hande kan plaas. Amen

*NG Stellenbosch*

## DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer of enige ander bydrae op enige van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetalings & Kaartfasiliteite
- Debiet– kredietkaartfasiliteit

**Bankbesonderhede:**
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005.
Verw: bv. Dankoffer

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### WOENSDAG 30 NOVEMBER 2022

09:00 **Geen bybelstudie**. Ds. W. Rothmann.

19:00 **Koor**.

### DONDERDAG 1 DESEMBER 2022

09:00 **Bybelstudie**. Dr. P. Moolman. Kapel.

09:00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Konsistorie.

10:15 **SVB Aksiekomitee**. Kapel.

19:00 **Geen studente-bybelstudiegroep**.

### SATERDAG 3 DESEMBER 2022

05:00 **Carpe diem-mannegroep**. Kapel.

### SONDAG 4 DESEMBER 2022
### Tweede Advent

09:00 **Erediens**. Dr. P. Moolman.

19:00 **Geen erediens**.

## ANDER SAKE VAN BELANG

**Versoeningsdagerediens**. 16 Desember om 08:00

**Kersliedere by kerslig**. Sondag 18 Desember om 19:00. Gemmerbier en koekies in die saal.

**Oujaarsdiens**. 31 Desember om 23:30. Roomys en aarbeie in die saal.

**Ds. Heinrich Stapelberg**. Bevestiging 22 Januarie om 09:00.

**Voorbidding**. Carien Liebenberg, 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

Preke is beskikbaar op ons gemeente se Youtube-kanaal by: https://www.youtube.com/channel/UCad_WFJ-zDe9cdTJHQ1s2yQ U is baie welkom om daar te gaan loer en ook na vorige preke te gaan kyk/luister.

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.

**Verlof**. Ds. Rothman vanaf 4-8 Desember.

## Beroep

Ds. Heinrich Stapelberg het die beroep aanvaar. Sy diensaanvaarding is 1 Januarie en sy bevestinging vind plaas 22 Januarie 2023.

## Skryfbehoeftes vir behoeftige kinders

Aangesien gemeentelede ons in die verlede so mooi ondersteun het, vra ons weer u vriendelike bydrae van skryfbehoeftes vir behoeftige kinders.
3 kartondose sal weer in die kerk geplaas word waarin die pakkies geplaas kan word.
Die insameling sal tot aan die einde van die jaar gedoen word, waarna dit aan die begin van 2023 versprei sal word.
Lys van benodigdhede waaruit gekies kan word, hieronder:
HB potlode & liniale, uitveërs & skerpmakers, pennesakkies, pritt, *highlighters*, *koki* penne en inkleurpenne, inkleurpotlode, eksamenblokke, plastiek portfolio lêers, blokkies skrifte, boekoortreksels, boeksakkies, inkleurboeke.
Byvoorbaat dank.
Uitreik.

## Kersete vir behoeftige gesinne

Soos in die verlede, neem ons weer die vrymoedigheid om gemeentelede te nader vir skenkings om behoeftige gesinne van 'n kersete te voorsien.

Ons benodig gevriesde hoenders, blikkies groente en ingelegde vrugte asook 500 gr. pakkies rys, aanmaakvla of gewonevla.

Die niebederfbare produkte kan kerk toe gebring word, waar dit in kamer 1 afgelewer kan word. Die gevriesde hoenders kan Sondae of weeksdae kerk toe gebring word, waar ons vriesgeriewe het. Skakel asb. vir Dennis, 083 462 2329 vir enige navrae.

Ons wil graag die bestanddele nie later as **18 Des**. **2022** aflewer. Nogmaals dankie vir u getroue onder-steuning.